FISIESE ADRES:
H/v View Laan & Kort Straat
Rothdene, Meyerton

KARAVAAN & TENT BESPREKINGS:
Kontak Besonderhede Kantoor:
076 017 4354 & 072 823 5236

EPOS ADRES:
besprekings@klipdraaikaravaanpark.com

WEBTUISTE:
www.klipdraaikaravaanpark.com

TERME EN VOORWAARDES

1. WYSIGING VAN REËLS

Die bestuur behou die reg voor om die terme en voorwaardes vir die gebruik en of benutting van Klipdraai Karavaanpark in hul absolute diskresie sonder voor af kennisgewing te wysig.

2. REG VAN TOEGANG VOORBEHOU

Die bestuur behou die reg voor om toegang en/of verblyf aan enige persoon of instansie te weier sonder openbaarmaking van enige rede. Geen ongemagtigde persone sal op die kampterrein toegelaat word nie. Bestuur sal verder geregtig wees om uitsetting te gelas van enige persoon wat nie die reëls nakom nie, lawaai, die rus versteur, 'n oorlas veroorsaak en of hom of haarself skuldig maak aan enige ander optrede wat daarop gerig is om die atmosfeer en gebruik van die kamp te ondermyn en of daarop inbreuk te maak, en meer in besonder ten opsigte van die volgende, maar nie beperk daartoe nie:

2.1 Nie nakoming van hoeveelheid, voertuie en aantal persone: Beperk tot 1 motorvoertuig en 1 karavaan met sy tent per staanplek. Indien daar meer as 4 persone per staanplek is, sal dit R100.00 per ekstra persoon wees. (maksimum 6 persone per staanplek)
2.2 Geen persone sal toegelaat word om in motors of bakkies te oornag nie
2.3 Geen wanordelike gedrag sal geduld word nie en besoekers wat hul hieraan skuldig maak, sal gevra word om die kamp onmiddelik te verlaat
2.4 Die aanwending en of gebruik van die perseel vir 'n onwettige doel en of in stryd met die doelstellings daarvan
2.5 Uself skuldig maak deur herberg aan addisionele persone te bied wat tot gevolg het dat die maksimum hoeveelheid persone per staanplek oorskry word.
2.6 Versuim om 'n staanplek te ontruim na afloop van 'n bespreking of nadat die gebruiker daartoe versoek is
2.7 Verbreking van enige van die park se reëls
2.8 Versuim om 'n besoeker aan te meld
2.9 Versuim om rookwette na te kom
2.10 Misbruik van alkohol
2.11 Geen narkotiese middels (dwelms) sal op die terrein toegelaat word nie.
(**Enige persoon wat hom of haar hieraan skuldig maak sal deur die SAPS in hegtenis geneem word.)**

3. TARIEWE EN BESPREKINGS

'n Bespreking is geldig en afdwingbaar wanneer:

3.1 Die besprekingsvorm voltooi is en die bestuur die besprekingsvorm by wyse van epos ontvang het en /of
3.2 Indien die bespreking aanlyn dmv webtuiste voltooi is en
3.3 'n Bevestiging van die bespreking per epos deur die bestuur aan die kampeerder gestuur is dmv 'n **faktuur met 'n verwysingsnommer** wat u ontvang het **EN**
3.4 Die **vereiste deposito** soos aangedui op die **faktuur (met die verwysingsnommer)** wat u ontvang het **betaal is op die keerdatum**, / en of wanneer die balans / en of vooruitbetaling / en of uitstaande bedrag soos vereis op keerdatum deur die bestuur ontvang is om die bespreking te bekragtig.
3.5 Geen telefononiese bespreking sonder bg. Word as bindend gesien nie
3.6 Stuur bewys van betalings aan epos: besprekings@klipdraaikaravaanpark.com
3.7 Meld asb u **VOLLE VERWYSINGSNOMMER** in alle korrespondensie en veral wanneer u 'n betaling maak
3.8 **Binne Seisoen** datums (veral April, September en Desember) is besprekings noodsaaklik.

4. BETALING

4.1 **Binne Seisoen**:
50% van die koste van die totale verblyfrekening is betaalbaar as deposito binne 72 uur vanaf die bespreking gemaak is en of voor die keerdatum om die bespreking te bevestig.
Kansellasie beleid is van toepassing

4.2 **Binne Seisoen**:
Wanneer 'n bespreking 14 dae (2 weke) voor die arriveer datum gemaak word is die totale verblyfrekening binne 3 dae betaalbaar.

4.3 **Binne Seisoen**:
Wanneer 'n bespreking binne 48 uur vanaf die arriveer datum gemaak word is die totale verblyfrekening onmiddellik betaalbaar om nie – arriveerders te verhoed.

4.4 Slegs elektroniese oorplasings of direkte deposito's word aanvaar. Geen tjekbetalings sal aanvaar word nie.

4.5 Deposito's wat reeds betaal is, sal nie terugbetaal word indien die bespreking gekanselleer word nie. Ook word geen geld terugbetaal wanneer gaste die karavaanpark vroeër verlaat as wat bespreek is nie of uitgesit word weens verbreking van die kamp se reëls.

4.6 Betaling van **deposito's** moet geskied voor of op die keerdatum soos aangedui op die faktuur om die bespreking te bekragtig. Versuim om die deposito voor of op die keerdatum te betaal, sal daartoe lei dat die bespreking sonder vooraf kennisgewing gekanselleer sal word.

4.7 Die uitstaande koste en of **balans** (na betaling van deposito) moet voor of op die **keerdatum** betaal word.

4.8 **Let asseblief op** die maksimum aantal persone wat per staanplek toegelaat word, is naamlik ses (6). Dit sluit dus in volwassenes, kinders 3 -12 jaar en kinders 0 -2 jaar) Kinders 0 -2 jaar is ook 'n persoon/ mens.
Indien daar meer persone in 'n groep is, moet 'n addisionele staanplek bespreek word want max 6 persone per staanplek word toegelaat. Byvoorbeeld in die geval waar u 7, 8, 10 of 12 persone is moet 'n tweede staanplek bespreek word.

5. AANKOMS EN VERTREK

Binne Seisoen:
Aankomstyd: **12:00 – 18:00** Vertrek Tyd: **10:00**
U kan slegs tot **18:00** arriveer op die dag van bespreking

Buite Seisoen:
Aankomstyd: **07:00 – 18:00** Vertrek tyd **16:00**
U kan slegs tot **18:00** arriveer op die dag van kampering

Kampeerders moet asb hulle bewys van betaling en verwysingsnommer tydens in bespreking "check in" saam bring
Indien die kampeerder die kamp later as die bepaalde vertrektyd verlaat, sal die kampeerder verantwoordelik wees vir die betaling van 'n addisionele dag
Indien die kampeerder sou besluit om langer te bly en die staanplek is wel beskikbaar moet daar vooraf gereël word by die kantoor
U karavaan mag op 'n staanplek gelaat "gestoor" word, (oornag sonder kampeerders) teen die normale fooi van R300 (buite seisooen) en R400 (binne seisoen) per nag. SLEGS DIE KARAVAAN OF TENT (GEEN GRONDSEILE, GEEN AFBAKENING dmv. TOUE ens.) SAL TOEGELAAT WORD NIE

6. TOEGANG TOT DIE TERREIN

By u aankoms sal elke bespreekte kampeerder 'n toegangspermit ontvang. Vertoon dit asseblief ten alle tye in u voertuig se voorruit. Permitte / bandjies sal ook aan individue uitgereik word tydens bv 'n musiekfees wat plaasvind. Die bandjie identifiseer u as 'n kampeerder

7. KANSELLASIE BELEID & VERSUIM OM OP TE DAAG

7.1 Versuim om die betaling van die deposito en of balans op die keerdatum sal lei dat u bespreking gekanselleer word.

7.2 Indien die kampeerder nie met die bestuur in kommunikasie is nie en derhalwe nie binne 24 uur na besprekingsdatum opdaag nie, sal die staanplek sowel as enige betaling verbeur word en die bestuur geregtig wees om die staanplek aan 'n ander party toe te ken.

7.3 **Geen terugbetalings / No Refunds** op enige betalings (deposito en/of balans) wat reeds gedoen is nie, indien die bespreking (ongeag die rede) deur die kampeerder gekanselleer word.

7.4 In die geval van kansellasie deur die kampeerder (ongeag die rede) **sal herskedulering of verskuiwing van die bespreking nie toegelaat word nie.**

7.5 **In die geval van "Viz major" (Act of God) natuurrampe, en of weersomstandighede bv. reën, hael, koue, hitte ens.: Geen Terugbetalings / No Refunds en sal die verskuiwing of herskedulering van bespreking nie toegelaat word nie.**

7.6 Wanneer die kampeerder die kamp vroeër moet verlaat sal slegs in die volgende gevalle 'n uitsondering gemaak word: In die geval van dood (doodsertifikaat sal ingedien moet word) en of nood operasie (doktersbrief sal ingedien moet word) van die betrokke kampeerder se onmiddellike gesin (man, vrou, ma, pa, seun, dogter) en in welke geval u bespreking kan oorstaan vir maksimum 6 maande vanaf datum van bespreking

8. VRYWARING

Besoek aan die perseel deur enige persoon en of hulle besoekers, geskied op hul eie risiko. Alle persone wat die kampterrein en fasiliteite, insluitende die parkering en staanplek gebruik, doen dit algeheel op eie risiko en word die eienaar en /of bestuurder en/of hul verteenwoordigers gevrywaar teen enige eise van watter aard ookal, veroorsaak by

wyse van hetsy diefstal, dood, besering, beskadiging of verlies van goedere van enige aard, brand, oormag, vloede, ander natuurrampe van watter aard ookal voortspruitend uit die gebruik, betreding, benutting en of aanwending van die perseel en /of van die perseel en fasiliteite, en sal die bestuur en of eienaar of organiseerders van vermaak, aktiwiteite en feeste nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese wat daaruit mag ontstaan nie. Alle geriewe (swembaddens, putt –putt baan, klimrame, speel area, braai fasiliteite ens.) asook enige vermaak en aktiwiteite bv. perderitte, speletjies ens. word op eie risiko gebruik. Klipdraai Karavaanpark aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige beserings of skade wat mag voortspruit uit die gebruik daarvan nie en ook nie vir enige beserings of skade wat besoekers by die kampplek en of perseel sou opdoen nie.

9. ALGEMENE REëLS

Die persoon wat hierdie voorwaardes ontvang en of die bespreking maak, onderneen om dit onder die aandag van al die lede van sy groep te bring. Hy/ sy aanvaar aanspreeklikheid daarvoor dat al die lede van sy groep die bepalings hiervan nakom.

9.1 Rapporteer asseblief alle oortredings by die kantoor, asook alle gebreke of foute wat op die terrein opgemerk mag word.

9.2. Borrelbad (Jacuzzi): Besprekings kan gedoen word by die kantoor (R150 per uur, Maksimum 6 persone)

9.3 Kaartjies vir Putt - Putt, Potspel (“Pool “) by die kantoor (buite seisoen) en by die bane (binne seisoen) beskikbaar
Die Treintjie se kaartjies is beskikbaar by die WINKEL
Geen volwassenes word op die speeltoerusting in die speelpark toegelaat nie
Moet asseblief nie oor die Putt-Putt baan heining klim wanneer dit gesluit is nie

9.4 **Geen persoon word toegelaat om enige handel te dryf op Klipdraai se perseel sonder die eienaar se toestemming nie.**

9.5 Vuurmaak; Maak slegs vuur in die braaiareas of in die braaigeriewe beskikbaar (nie op die grond of gras nie). Bomas mag slegs op sementoppervlakke gebruik word. Geen oop vure, boma’s op grasperke.
Vure moet geblus word indien die wind baie sterk is, wanneer u gaan slaap of u kampplek verlaat.

9.6 Radio, televisie en steurnisse sal slegs toegelaat word indien dit nie u mede kampeerder steur nie.
Geen musiek deur kampeerders sal na 22:00 toegelaat word nie. Geen radios mag uit voertuie gespeel word nie.

9.7 **Geen persoon word toegelaat om aan enige elektriese toebehore of aan elektriese verdeel kaste te werk of te peuter nie. (Indien een van die kragbokse omgery of beskadig word sal skadevergoeding van u verhef word) Weerhou u asb. van peuter aan swembadpompe**

9.8 **Indien u enige probleme ondervind kontak die Kantoor 076 017 4354 / 072 823 5236**

9.9 Die gebruik van ‘n elektriese kabel en verlengingskoord moet aan die munisipale regulasies en wetlike spesifikasie voldoen. Geen kabel dunner as 2.5 mm nie. Kabels van 2.5 mm dik mag nie langer as 15 meter wees nie. Indien die kabel langer as 15 meter is, moet dit 4.00 mm dik wees.
(SLEGS EEN KRAGPUNT PER KAMPEERDER)
(GEEN STOWE, TUIMELDROëRS, SKOTTELGOEDWASSERS OF WASMASJIENE NIE)

9.10 Kampeerders parkeer asseblief slegs 1 voertuig op u staanplek en enige ander voertuie by die veilige afgebakende parkeerarea by die Kantoor. Alle voertuie op ander kampeerplekke sal onmiddellik verwyder word en ons sal nie verantwoordelik gehou kan word vir enige skade aan u voertuig of kostes wat moontlik hieruit kan ontstaan nie.

9.11 Dagbesoekers se voertuie word **NIE** in die kamp toegelaat word **NIE**, maar dit moet by die hek se veilige parkering gelaat word.

9.12 Spoedbeperking is 10 km p/u; vir die veiligheid van kinders, wild en diere. Onverskillige en roekelose motor-bestuurders sal nie in die kamp geduld word nie.

9.13 Hou asseblief die fasiliteite en abblusie geriewe netjies en skoon na gebruik.

9.14 **Abblusie geriewe**:
Daar is kragpunte in die abblusie blokke.
Rook word onder geen omstandighede in die abblusie blokke toegelaat nie. Kinders onder die ouderdom van 10 jaar moet deur ‘n volwasse persoon vergesel word tydens die gebruik van die abblusie fasiliteite. Bring eie badproppe. Weerhou u asseblief om die stortkoppe te verwyder en te neem.

9.15 Dagesoekers word toegelaat. **08:00 – 18:00**
Tariewe as volg: R100 Volwassenes, R50 kinders (3 -12 jaar) en Gratis vir kinders 0-2 jaar
Geen oorslaap van besoekers nie. Wanneer besoekers sou oorslaap, **mag dit nie** die maksimum persone per staanplek oorskry nie (naamlik 6 persone) en in welke geval die besoekers vooraf reëlings met die bestuur moet tref en ook die ekstra tarief per aand per persoon vooraf moet betaal **(sien tariewe)**.

9.16 Geen leë bottles, houers of ander vullis mag gestrooi word nie. U word versoek om nie stompies en bierproppies op die grond te gooi nie. Plaas vullis en rommel asseblief in die houers / vullisdromme wat vir die doel aangebring is.

9.17 Daar mag nie in die swembaddens geëet of gedrink word nie. GEEN ALKOHOL BY DIE SWEMBADDENS

9.18 Geen glasbottels en glase word in die swembad en of speelarea toegelaat nie.

9.19 Geen fietse om die swembaddens en saal

9.20 Swembaddens mag nie na **22:00** gebruik word nie. Ons het nodig om die nodige chemikalieë en instandhouding te doen vir u gerief.

9.21 Moenie enige alkohol agterlaat of vir die werkers gee nie asseblief.

9.22 Klein hondjies op leibande word toegelaat. Geen loslopende hondjies word toegelaat nie. U word vriendelik versoek om skoon te maak agter u hond.
ASSEBLIEF GEEN HONDE WORD IN DIE SWEMBADDENS TOEGELAAT NIE.

9.23 Die pluk van blomme en plantmateriaal is verbode.

9.24 Geen warm water en vuuras (warm en koud) mag op die bome, plante en gras uit gegooi word nie.

9.25 Voer van diere is op eie risiko. Moenie **op** en **in** die kampe van die diere en wild klim nie .

9.26 Lees en volg asseblief alle kennisgewingborde.

9.27 Dit is die verantwoordelikheid van ouers / toesighouers om behoorlik toesig te hou oor babas, kleuters en kinders
9.28 Besprekings vir die saal kan by die kantoor gedoen word.
9.29 Ten tyde van vermaak, aktiwiteite, markte, feeste en of musiekfeeste wat aangebied word op die Klipdraai Karavaanpark perseel sal vermaaklikheids organiseerder/s en of eienaar van Klipdraai Karavaanpark nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese of skadevergoeding in die geval van "Viz Major" (Acts of God), natuur rampe, ens nie. In die geval van "Viz Major "sal die optredes en of vermaak nie geherskeduleer word nie en enige kaartjiegelde en stalletjie gelde sal nie terug betaal word nie.
9.30 In die geval van slegte weer bv.reën, donderstorms, wolkbreuk, hael ens. wat die veiligheid van die sangers, kunstenaars, orkeste, klank & beligtingsspanne se lewe in gevaar stel of bedreig en waar die toerusting kan beskadig sal die optredes nie voortgaan nie. Die vermaaklikheids organiseerder/s en of eienaar van Klipdraai Karavaanpark sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verliese of skadevergoeding voortspruitend hieruit nie.
9.31 Tydens musiekfeeste sal die kampeerders versoek word om ten alle tye bandjies te dra, dit is om u as kampeerder te identifiseer. Ingangstariewe na die musiekfeeste sal aan die kampeerders deur gegee word wanneer beskikbaar
9.32 **Dagbesoekers** ten tye van musiekfeeste sal die normale dagbesoekers tarief betaal vir ingang na die oord:
Toegangstyd vanaf 08:00
Volwassenes R100, Kinders (3 -12 jaar) R50 en vir kinders (0 - 2 jaar) Gratis
Dagbesoekers wat slegs die musiekfeeste die aand wil bywoon (Musiekfees Gangers)
Toegangstyd en tariewe sal aan die dagbesoekers / musiekfees gangers deur gegee word wanneer beskikbaar
9.33 Wanneer daar stalletjies ten tye van die musiekfeeste is sal u nie toegelaat word om op hierdie feesdae piekniekmandjies in te bring nie, tensy dit duidelik op die bemarkingsmateriaal aangedui is dat u eie "cooler box" of piekniekmandjie welkom is. Op die nie – musiekfeesdae is u baie welkom om u piekniekmandjie saam te bring
9.34 Enige probleme op die perseel en of tydens u verblyf kan direk aan die **Kantoor** gerapporteer word
076 017 4354 & 072 823 5236

10. DIE VOLGENDE WORD NIE TOEGELAAT NIE: NEEM ASB KENNIS

10.1 Geen ander troeteldiere, behalwe klein hondjies op leibande
10.2 **"Quadbikes", motorfietse, golfkarretjies of ongelisensieerde voertuie** mag nie in die kamp bestuur word nie
10.3 Vuurwapens, windbukse, pyl en boë, ketties
10.4 Geen vuurwerke/ klappers/ "paintball gewere" word toegelaat nie
10.5 Afsaag van bome of bymekaar maak van hout
10.6 Klim oor drade of hekke
10.7 **Geen opblaas of opslaan swembaddens word toegelaat nie**
10.8 Geen braaiers word toegelaat op die gras by speelarea nie
10.9 Geen oop vure / boma's op die grasperke
10.10 Geen fietse om die saal en swembaddens
10.11 **Slegs een kragpunt per karavaan of tent:** (geen stowe, tuimeldroërs, wasmasjiene of skottelgoedwassers nie)
10:12 Slegs karavane of tente (geen grondseile, geen afbakening dmv.toue ens) sal toegelaat word nie
10:13 Indien u sou besluit om die karavaan te oornag "te stoor" sonder kampeerders is die normale fooi per staanplek per nag van toepassing
10:14 Alle persone wat die kampterrein en fasiliteite gebruik sal verantwoordelik gehou vir enige beskadiging aan eiendom aan die oord wat moontlik hieruit kan onstaan bv. krane, kragbokse, braaiers ens. ens. en die minimum fooi wat onmiddelllik betaalbaar is by die Kantoor en waarvoor u aanspreeklik gehou word is R2 500.
10.15 Geen Terugbetalings / No Refunds .Sien Kansellasie Beleid
10.16 Rapporteer enige onmiddellike skade deur mede kampeerders by die Kantoor. Beloning sal uitgereik word.